NG KEMPTON-HOOGLAND // UITGAWE 1 // 16 DESEMBER 2018

DIE BOODSKAPPER

IN HIERDIE UITGAWE

Eredienstye 2019
Preekrooster
Desember - Januarie

Kategese registrasie 2019

Oorleef die feestyd

Huise op die Rots

Kleuter kryte

VERWAGTING EN VERWONDERING.

DS. THEO JANSE VAN RENSBURG

Wow julle, dis al klaar weer die einde van die jaar. Eksamens is verby, die skole sluit. Baie mense het al vroeg gaan vakansie hou om die groot uittog en padhisterie van die groot *kersfees-tot-nuwe jaar* week vry te spring. Ander van ons byt nog vas met 'n swem-Jannie-swem en 'n hou-bene-hou gesindheid, want ons is amper amper klaar vir die jaar. Die minder gelukkiges is die wat die ratte van ons samelewing aan die gang moet hou terwyl die *begunstigdes* lekker kan kuier en ontspan.

In 'n mens se kop sit daar mos hierdie ding van: Jy moet eers afskakel en rus voordat jy weer kan aanskakel vir die volgende rondte. Ons is nog by afskaal en afskakel. Elke ding op sy tyd! Ons is op die voorstoep van Kerfees!

Elkeen van ons moét eers 'n oomblik stop, ons gedagtes en fokus verskuif en die kosmiese ingrypende gebeurtenis van Kersfees ernstig bedink! Daar moet asseblief tog iewers in ons lewens nog tyd en plek wees vir verwondering.

Die opbou na die geboorte van ons Verlosser begin alreeds in die paradys, na Adam en Eva se ongehoorsaamheid, toe God vir die slang dreigend belowe het:

Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. ***Haar nageslag sal jou kop vermorsel*** *en jy sal hom in die hakskeen byt." Genesis 3:15.*

Hierdie verwagting na God se verlossing en Verlosser word in die Ou Testament dramaties opgebou deur die profete wat jare lank gepraat het van die groot en glorieryke Dag van die Here, die Immanuel-kind, die Kneg van die Here, die Een wat die beskrywing van Jesaja 9:5 waardig is:

Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

Die afwagting word nog groter en nog meer intens en die hele wêreld sit op die punte van hulle stoele met die storie van ‘n engel wat eers vir die ou priester Sagaria en sy kinderlose ou vrou, Elisabet, sê dat hulle ‘n kind, Johannes die Doper, sal kry, en dieselfde engel net ses maande later, vir die jonge maagdelike Maria vertel dat sy, sonder die “hulp” van haar verloofde Josef, ‘n baba gaan kry en dat hierdie baba God se Verlosser vir die wêreld sal wees. *Regtig ...?!*

Die afwagting word onuithoudbaar wanneer vertel word van die buitengewone ster in die nag, die geleerdes uit die ooste wat die ster volg, die agterdogtige Koning Herodes se slinkse planne om van die nuwe Koning ontslae te raak en die verskrikte herders wat die asemrowende skouspel van ‘n engel wat met die glans en die heerlikheid van die Here verskyn en vir hulle sê:

“Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!" Lukas 2:11, 12.

As daar dan ewe skielik saam met die engel, ‘n hele menigte engele uit die hemel God prys en sê: “*Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!*” (Lukas 2:14), dan spring die hele wêreld uit hulle stoele op en storm haastig saam met die herders Bethlehem toe om uiteindelik die Verlosserkind te sien ...

Belofte ... profesie ... verwagting ... afwagting ... opgewondenheid en uiteindelik vervulling!

Dan die ontnugtering as ons oor die herders se skouers loer. ‘n Babaseuntjie op strooi in ‘n krip in ‘n stowwerige stinkende stal. Dis so ... so ...? Sug. So asemuitblaas.

Maar as ons God se storie verder lees dan verander Hy ons sug na ‘n asemrowende, uitbundige halleluja van verwondering. Die kindjie is God se belofte wat die slang se kop vermorsel het, ons Verlosser, ons Goeie Herder wat Sy lewe vir Sy skape kom aflê het. In daardie krip kom hemel en aarde bymekaar en kom wys God vir ons Sy ontsagwekkende heerlikheid, Sy onverklaarbare liefde en onbetaalbare genade

Dis vakansie. Dis Kerfeestyd. Vir party is dit “just another day at the office”. Moet asseblief nie die geleentheid laat verbygaan nie. Laat God toe jou weer bewus te maak van Sy ontsagwekkende heerlikheid, Sy onverklaarbare liefde en onverdiende genade.

Dis nie net storietyd nie…. om maar net al die kersverhale te onthou nie.

Dit is ontmoetingstyd. Om te leef in ‘n verwagting en ‘n afwagting en ‘n verlange na ’n nuwe persoonlike ontmoeting met die Verlosserkind-Koning. Om met heilige ontsag en verwondering vervul te word oor so ‘n Almagtige God se manier om ons bewus te maak van Sy groot liefde vir elkeen van ons. Aangrypend wonderlik asemrowend.

Bedink dit! Deel dit! Leef dit!
Seëninge vir Kersfees.

Ds Theo Janse van Rensburg.

STELLA NATALIS (STER VAN GEBOORTE) VAN KARL JENKINS

TEKS VERWERK DEUR CAS VOS

Sing met vreugde op Kersfees

Sing met vreugde op Kersfees,
kom saam op aarde.
Deel in die jubeling,
deel in lof oor die geboorte.
Sing die lied van aanbidding,
almal is hier welkom.
Kom saam, sluit by ons aan,
vryheid sonder vrees.

Sing met vreugde op Kersfees,
kerse verlig ons pad.
Verheerlik ons Heer;
dis sy geboortedag.
Ontvang die Kersfeesvreugde,
gee dit hier op aarde.
Vou hande in aanbidding,
vertel van sy geboorte.
Neem die lied van blydskap,
wat almal moet hoor.
Kom saam, sluit by ons aan,
vryheid in die wêreld en geen vrees meer.

Kersfees op ‘n Afrika manier:
Ons kan vir ons God sing en
Hom waardig prys.
Abuntu! Ukuhlabelela!
Ukulunkulu!
(Mense! Sing! God!)
Ubuntu! Ukuhlabelela!
Umakhoya!
(Mensdom! Sing! Here!)
Inkosi! Ukuhlabelela!
Ukuthandaza!
(Koning! Sing! Bid!)

EREDIENSTYE 2019

In die film *The Lion King* sê Rafiki vir Simba: "Change is good, but is not easy". Ons word gereeld in die lewe uitgedaag om te verander; soms deur eie keuse en soms sonder keuse! Ons gereformeerde tradisie leer: "*Ecclesia reformata semper reformanda*" – 'n gemeente van die reformasie reformeer altyd weer.

Dit is in ons DNA om te reformeer en te vernuwe. Die grootste fout is nie om foute te begaan nie, maar om nie eers te probeer nie.

Die Kerkraad is dit eens dat die geestelike opvoeding van ons kinders 'n baie hoë prioriteit is. Ons glo 'n gesin wat geestelik groei, woon gereeld die eredienste saam by. Dit is belangrik dat ouers en kinders die eredienste bywoon en daarom vind ons junior kategese direk na die erediens gedurende skoolkwartale plaas. Ons senior kategese en belydenisklas is voor die aanddiens.

DIE NUWE EREDIENSTYE VIR 2019 LYK DUS SOOS VOLG:

08:30	**OGGENDDIENS BORRELBEKKIES KLEUTERKERK**
09:30	**JUNIOR KATEGESE**
17:30	**SENIOR KATEGESE BELYDENISGROEP**
18:30	**AANDDIENS**

PREEKROOSTER DESEMBER - JANUARIE

16 Desember 2018	Oggenddiens 08:30 - Dr. Neels du Randt
23 Desember 2018	Oggenddiens 08:30 - Dr. Botha van Aarde
25 Desember 2018	Kersdiens 08:00 - Ds. Theo Janse van Rensburg
30 Desember 2018	Oggenddiens 08:30 - Dr. Botha van Aarde
6 Januarie 2019	Oggenddiens 08:30 - Dr. Botha van Aarde
13 Januarie 2019	Oggenddiens 08:30 - Dr. Neels du Randt Aanddiens 18:30 - Ds. Theo Janse van Rensburg

BELANGRIKE DATUMS IN JANUARIE 2019:

9 JANUARIE
SKOLE BEGIN
05:30 Manne Bybelstudie
09:30 Vroue Bybelstudie

10 JANUARIE
10:00 Senior Bybelstudie (Hoogies)

11 JANUARIE
06:00 Bid halfuur

13 JANUARIE
Kategese registrasie

KATEGESE MATERIAAL 2019

Ons **junior kategese (Gr. 1-6)** sal volgende jaar met Jaar 3 van die LP3 - reeks aangaan. Hoe voel jy wanneer jy met iemand praat en hulle luister nie na jou nie? Dit is nie lekker nie, of hoe? Die Here praat ook met ons, en Hy is net so hartseer wanneer ons nie luister na wat Hy sê nie. In *Ene ore! Nuwe maniere* leer ons uit die Bybel en uit die voorbeeld van Bybelkarakters hoe om na die Here te luister en dan nuut te gaan leef.

Ons **senior kategese (Gr. 7 - Gr. 10)** werk verder uit die *Real Lewe* reeks. Die ontmoetings sal jou neem op 'n reis na 'n geloof wat real is. Jy sal ontdek wat dit in vandag se wêreld beteken om 'n dissipel van Jesus te wees.

KATEGESE JAARGELDE

Die jaargelde is soos volg:
Borrelbekkies Kleuterkerk R100
Junior Kategese R100
Senior Kategese R100
Belydenisgroep R150

Dit sluit jou Werkboek of gespreksgids, enige hulpmiddele wat ons sou benodig en 'n bydra vir die afsluiting in. Jaargelde is betaalbaar by registrasie of per EFT.

Jy sal jou verhouding met die Here verdiep. Jy sal saam met ander die feeste, tradisies en sakramente van die kerk vier. En jy sal ontdek wat jou plek in God se groot verhaal met die wêreld is.

Ons **belydenisgroep** werk in 2019 uit *Altyd daar*. *Altyd daar* werk met stories en verhale wat ons help om God raak te sien. Ons glo tog nie dat gelowiges iets moet dóén om God se teenwoordigheid te "bewerk" nie. Wanneer ons van God se teenwoordigheid bewus raak, verander dit ons lewe.

Bankbesonderhede:
NG Kerk Kempton Hoogland
ABSA Kempton Park
Rekening nommer: 260 581 228
Takkode: 630542
Verwysing: KAT Naam + Van (van kind)
bv. KAT Piet Pompies
Stuur asb. die bewys van betaling na hoogland@mweb.co.za

KATEGESE REGISTRASIE 2019

In 2019 begin die kategese op **13 Januarie**.

Almal registreer vir kategese – al was jy voorheen by die kategese ingeskakel. Sodoende kan ons kontakbesonderhede opdateer. Die vorms daarvoor is op die webblad onder Bedieninge - Kategese Registrasie beskikbaar, of by ons in die Kairos saal & inligtingstoonbank.

JUNIOR KATEGESE (Gr. 1-6)
Registrasie sal reeds vanaf 09:30 (direk na die oggenddiens) plaasvind.

Ons nooi alle ouers uit om direk na registrasie na Ds. Marius Marais te luister wat kom gesels oor geloofsvorming by jou kind(ers). Moet nie hierdie kosbare geleentheid mis nie.

SENIOR KATEGESE (Gr. 7-10)
Registrasie sal om 17:30 plaasvind in die verskeie kategese lokale.

BELYDENISGROEP
Ons eerste byeenkoms en oriëntering vir die belydenisgroep vind plaas op 13 Januarie om 15:00 in Kairos.

Tyd: 15:00 Slegs groep
17:45 Ouers saam tieners
18:30 Aanddiens

Alle ouers is welkom!

DS. MARIUS MARAIS KOM MET ONS KOM GESELS OOR GELOOFSVORMING BY KINDERS

Sondag 13 Januarie 2019

TYDENS DIE JUNIOR KATEGESE REGISTRASIE

HUISOUERS
HUIS BERMUDA 5

Abraham Kriel Bambanani NPC

Ons verwelkom enige egpare wat graag aansoek wil doen vir ons vakante pos om huisouers vir ons AKB-Sateliet Huis Bermuda 5, geleë in Glen Marais te Kempton Park.

Ons pos behels dat jy die geroepe taak wil vul en uitleef as Huisouers paar vir getraumatiseerde kinders in die veilige omstandighede en omgewing van n Huisgesin opset met 10 kinders en 3 huishulp personeel.

Ons pakket bied monetêre vergoeding vir huisouers, met byvoordele van veilige goedversorgde privaat huisvesting op perseel, gebruik van huishoudelike geriewe en ingesluit etes. Huis moeder is verantwoordelik vir die organisering van die huishouding en administratiewe take soos vereis van Abraham Kriel Bambanani. Die egpaar is ook verantwoordelik vir die vervoer van die kinders vir skool en enige ander aktiwiteite wat die kinders moet bywoon.

Vereistes:

- Ouderdom 55 - 65 jaar oud
- Goeie gesondheid
- Bestuurslisensie (Openbare vervoer lisiensie is voordelig)
- Afrikaanssprekend
- Getroud
- Geloof: Christen

Meer besonderhede en 'n aansoek vorm is beskikbaar op navraag.
Die pos is onmiddelik beskikbaar indien ons gepaste Huisouers vind.

Alle aansoeke en navrae kan gerig word aan:

Elsie Haywood - eh@abrahamkriel.org of Annette Oosthuizen - annette.oosthuizen@gmail.com

OORLEEF DIE FEESTYD

Die feestyd is ‘n tyd van vreugde, maar kan ook ‘n stimulus vir hartseer wees. Dit is dikwels ‘n tyd van familie-saamtrekke waar julle kuier en herinneringe uitruil. Wat as daar vanjaar ‘n leë stoel is? ‘n Geliefde wat dood is, egskeiding of gebroke verhouding, vervreemding omdat die lewe sy loop geneem het. Wat as die verlies aan werksekuriteit die sneller vir ou vetes en argumente word? Tradisies wat eens vrolikheid gebring het, is nou pynlike herinneringe aan ‘n beter tyd.

Verlies is nou eenmaal deel van die lewe en onafwendbaar. En nou kom al jou bestaande en normale emosies oor jou verliese juis gedurende die Kerstyd na die oppervlak – hartseer, eensaamheid, woede, frustrasie, verontregting, onsekerheid, hulpeloosheid, magteloosheid, skuldgevoelens en hopeloosheid.

Want hartseer en vreugde lê baie na aan mekaar, dis twee kante van die lewe. Jy vier Kersfees en mis iemand met wie jy goeie tye saam beleef het. Of jy raak hartseer as jy twee mense in die winkelsentrum sien wat liefdevol teenoor mekaar optree. Of mense by ‘n gedenkdiens ná iemand se dood vertel grappies en mooi stories van daardie een.

Jy beleef van die grootste verliese in jou verhoudings met mense naaste aan jou. Dis normaal om outomaties oor te gaan tot die veg-, vlug- of vries-reaksie. Jy soek oorsake en oplossings vir jou emosies. Voor jy jouself kom kry, is daar konflik (veg-reaksie). Of die hartseer word onder die mat ingevee en jy vlug van enigiets wat die ou herinneringe kan wakker maak. Of jy steek vas (vries) in jou hartseer en gemis. Dit kan manifesteer as depressie, selfbejammering, die blameer van jouself, ander en selfs God.

Die Westerse wêreld jaag al meer na vinnige oplossings. Dis dus nodig om doelbewus iets te doen om te rou. Dink maar aan die rouklaers wat nie baie jare gelede nie weke lank ‘n swart armband of knopie gedra het sodat mense kan weet jy rou – en met jou kan meeleef. Nou sien mense jy is nie jou gewone self nie en maak hul eie afleidings.

As ‘n liefdesverhouding verbreek is, wil mense jou dadelik aan iemand anders voorstel. Of jy besoek ‘n webtuiste waar jy dadelik iemand anders kan vind. Of as jy jou werk verloor, is jy – verstaanbaar – dadelik op soek na ‘n ander een. Al jou emosies en vrae oor die verlies bly dikwels agterweë. Dit tas nie net jouself aan nie, maar ook jou verhoudings.

Die rouproses het egter twee groot fases. Eers beleef jy die verlies intens. Die lewe se bekende ritme is versteur en jy ervaar fisieke en emosionele chaos. Die tweede fase is wanneer jy weer wil aangaan met die lewe, nie meer hartseer wil wees nie. Dit neem egter tyd en geduld om ‘n nuwe lewensritme te ontwikkel. Hier kan jou goeie herinneringe van die verlede die inspirasie wees om op ‘n nuwe manier met die lewe voort te gaan.

Wees eerlik. Wat ook al, doen met inagneming van jou gemis en al die emosies rondom dit. Jy hoef nie jou onnodig teenoor ander te verduidelik en verdedig nie. Aanvaarding geskied oor tyd en daar is nie altyd ‘n resep nie. Wees eerlik in die manier waarop jy jou storie vertel. Dit is deel van die genesingsproses om deernis te hê met jou gevoelens van pyn, verlies, hartseer, woede, frustrasie, angs, ens. Wanneer jy dit kunsmatig probeer hanteer (m.a.w. ek durf nie so voel nie), word die rouproses onnodig uitgerek.

Daar is nie ‘n regte of verkeerde manier van rou nie. Sommige mense omhels rituele en feestyd-tradisies van die verlede en hou só ‘n geliefde se herinneringe lewend. Ander wil met nuwe rituele begin. Doen vanjaar wat vir jóú die beste manier is om jou verlies te hanteer. Vra jouself af wat jy regtig wil doen.

Miskien kan ons dan ook vashou aan die kort gedeelte van Matteus 2:13-23 waar Jesus en sy familie na ‘n ander land moet vlug - vlug om nie gevang te word nie en om as vreemdelinge in ‘n vreemde land te moet oorleef. Neem maar net die gekerm, die groot gehuil en groot gejammer oor die baie seuntjies wat wreed doodgemaak is. Dit is nie iets om oor bly te wees en fees te vier nie. Vier ons te veel fees, is ons te bly oor die geboorte van Jesus, dat ons die hartseer van ander miskyk? Jesus het nie mens geword net om bo alles verhewe te wees en onaangeraak te wees deur die hartseer en eensaamheid van hierdie wêreld nie. Nee, hy het ten volle deel gehad aan al die swaarkry van menswees. Om dus in die Kerstyd bewus te wees van alles wat nie reg en lekker is nie, is om saam met God hartseer te wees oor die toestand waarin die wêreld homself bevind. Gelukkig is daar altyd hoop. Uit Egipte keer Jesus terug. Uit die dood en hartseer van Jesus kom Lasarus uit die graf. Uit die dood van Jesus kom die lewe. Moet dus nie dat jou hartseer of eensaamheid jou onderkry nie, weet maar net dat dit deel is van hoe God ook voel oor die onvolmaaktheid. En weet dat daar in Christus altyd hoop is ...

Jy vind dalk hartseer, maar ook vreugde. En wie weet, uiteindelik baie betekenis.

HUISE OP DIE ROTS

Gebruik gerus hierdie vakansie die adventsreeks vir gesinne oor die name van Jesus volgens Jesaja 9:5.

Daar is 5 kort Bybelstudies wat gesinne saam hierdie vakansie kan doen wat elk telkens ‘n teksgedeelte, aktiwiteit, gespreksvrae en gebedswenk bevat. Druk gerus hierdie gedeeltes uit en gebruik dit in jul gesin se huisgeloof tyd.

Die temas is soos volg:

1. Name het betekenis (Jesaja 9:5)
2. Wonderbare Raadsman (Johannes 3:1-21)
3. Magtige God (Johannes 6:1-15)
4. Ewige Vader (Lukas 18:15-17)
5. Vredevors (Lukas 19:1-10)

Wat is Advent?

Advent is die latynse woord wat "KOMS" beteken. Advent is die vier Sondae voor Kersfees. In hierdie tyd word ons daaraan herinner dat Jesus gekom het en ook weer sal kom.

Die tema van hierdie volgende paar weke of aande gaan fokus op die verskillende name wat Jesus gehad het. In die tyd van die Bybel het mense se name meer waarde gehad as net iets waarmee jy iemand roep. Jou naam was 'n beskrywing van wie jy is en het mense iets van jou karakter gesê.

Maak tyd vir mekaar en vir die Here in die paar weke voor Kersfeees en ontdek opnuut Jesus se karakter.

Druk gerus hierdie gedeeltes uit en gebruik dit in jul gesin se huisgeloof tyd.

Name het betekenis 1

Doen: Knip vir elkeen in die gesin 'n kersboom uit 'n stukkie karton. (Jy kan die patroon gebruik wat op die volgende bladsy is). Skryf elkeen in die gesin se naam op die kersboom-kaartjie. Google die betekenis van elkeen se naam en skryf dit ook op die kaartjie. Gesels oor die betekenis van julle name. Hang die kaartjies op aan julle kersboom of êrens waar julle dit kan sien.

Lees: Lees Jesaja 9:5

Gesels: Hierdie teks praat alreeds oor Jesus se geboorte duisende jare voordat dit gebeur het.
* Hoeveel name gee die teks vir Jesus?
* Wat dink jy beteken elkeen van dié name?
* Kan julle aan nog name, metafore of eienskappe van Jesus dink?

Bid: Skryf elkeen se naam op 'n stukkie papier en plaas dit in 'n hoed of houer. Elkeen trek dan 'n naam en bid vir daardie persoon. Bid en vra dat die Here vir daardie persoon sal help om Jesus opnuut te leer ken in die Advent-tyd.

Wonderbare Raadsman 2

Doen: Speel die "WATTER RAAD" speletjie ... Knip die kaartjies (op die volgende bladsy) uit. Gee vir elkeen in die huishouding die geleentheid om een van die verskillende scenarios te trek en dan raad te gee.

Lees: Lees Johannes 3:1-21

Gesels:
* Wat beteken die naam "Wonderbare Raadsman" vir jou?
* Waaroor wou Nikodemus raad hê?
* Vertel van 'n keer wat jy gebid het en vir God vir raad gevra het.
* Dink saam oor 'n paar verskillende maniere waarop God vir ons raad gee.

Bid: Bid as huishouding saam dat die Here julle altyd met raad sal bedien sodat julle as nuutgemaakte/ nuutgebore mense kan leef.

Magtige God 3

Doen: Steek die teeliggie of 'n kers aan en gesels oor vuur. Een vuurhoutjie en vlam kan 'n magtige vuur raak. Vertel vir mekaar van die verskillende vorme van vuur wat jy al gesien het.

Lees: Lees Johannes 6:1-15

Gesels:
* Wat beteken die naam "Magtige God" vir jou?
* Hoe help hierdie teks jou om te sien dat Jesus magtig is?
* Vertel van 'n keer toe jy besef het hoe groot God is.
* Ons kan nie noodwendig kos vermeerder nie, maar wat kan ons as familie in die Advent-tyd doen sodat die wêreld nogsteeds weet dat God magtig is?

Bid: Kies 'n item uit die natuur wat vir jou aan God se mag herinner, pak dit om die kersie en bid dat God jou oë sal oopmaak om elke dag Sy Almag raak te sien.

Ewige Vader 4

Lees: Lees Lukas 18:15-17

Gesels:
* Wat beteken die naam "Ewige Vader" vir jou?
* Wat dink jy bedoel Jesus hier toe hy gesê het dat die koninkryk vir kinders is?
* Watter tipe vader dink jy is God?
* Sommige mense het dalk nie 'n goeie prentjie van 'n pa-figuur nie. Kan julle aan ander name dink vir God wat dieselfde eienskappe uitbeeld?

Doen: Neem 'n stukkie bordkryt en gaan trek almal in die huis se voete op 'n plek waar julle dit kan sien. (Dalk op die stoep langs julle voordeur). Hierdie voete herinner ons dat Jesus ons almal roep om na Hom toe te kom.

Bid: Gaan staan nou in iemand anders se voete en bid vir daardie lid van die familie.

Vredevors 5

Doen: In die Bybel word die "duif" dikwels as 'n simbool van Vrede gesien. Kyk gerus op YouTube hoe om 'n duif uit papierborde te maak of gebruik sommer die patroon om 'n duif uit te knip. Maak een of meer duiwe en hang dit by dieselfde plek op waar jul die betekenis van julle name opgehang het.

Lees: Lees Lukas 19:1-10

Gesels:
* Wat beteken die naam "Vredevors" vir jou?
* Watter invloed het Jesus se teenwoordigheid hier op Saggeus se lewe gehad?
* Hoe kan julle as familie/ huishouding meer vrede tussen julle hê?

Bid: Vra die Here om vir julle 'n tyd van vrede te gee en vra Hom ook om jou te wys indien daar iemand is met wie jy vrede moet gaan maak.

WATTER RAAD SPELETJIE

Iemand vertel jou dat hy/sy R100 000 gewen het. Watter raad sou jy gee indien die persoon jou vra wat hy/sy met die geld moet doen?

Daar is gereeld 'n bakleiery tussen 'n groep vriende wat jaloers is op mekaar. Watter raad sou jy vir die vriende gee?

'n Straatbewoner wil by jou geld hê vir 'n treinkaartjie na 'n dorp waar daar vir hom werk is. Jy het nie geld nie, maar watter raad sal jy vir die persoon gee?

Jou vriendin het haar kêrel gelos omdat hy haar nie met respek hanteer nie. Hy kom huilend by jou aan ... Watter raad sal jy hom gee?

Jou vriend sê vir jou dat hy opgehou het om Bybel te lees, want hy verstaan in elk geval nie wat hy lees nie. Watter raad sal jy hom gee?

Jou ma voel dat niemand in die gesin na haar luister nie. Watter raad sal jy vir haar gee?

Familie-vriende kom kuier by julle en vertel dat hul nou moeg is daarvoor dat hul kinders nie hul verantwoordelikheid in die huis nakom nie. Watter raad het jy vir hulle?

Jou vriendin kom vertel jou dat sy by die skool geboelie word. Watter raad sal jy vir haar gee?

Jou vriendin wil 'n rok aantrek na 'n funksie toe wat regtig nie vleiend is nie. Sy vra jou raad oor hoe sy daarin lyk. Watter raad sal jy vir haar gee?

'n Gesin wil graag 'n nuwe troeteldier aanskaf. Watter raad het jy vir die gesin?





KLEUTER KRYTE

WAT IS JOU NAAM? _____

WAAR KAN ONS JOU KONTAK? _____

HOE OUD IS JY? _____

BRING JOU INKLEURPRENT SAAM NA DIE KERSDIENS TOE. ONS WIL DIT GRAAG UITSTAL.